**Familietyd 1**

*God is by jou – Josef*

Genesis 37- 1-11 (lees saam uit die Bybel tot by vers 11)

Josef was die tweede jongste kind en sy pa het hom voorgetrek. Josef se broers het niks van hom gehou nie.

- *Gesels saam en kyk of julle in hierdie verse die redes kan kry waarom hulle so gevoel het.*
- *Hoe sou jy gevoel het as jou broer soos Josef was? (gee kans vir kinders om te gesels hieroor)*
- *Wat dink jy kon Josef anders gedoen het?*

Nou kan die kinders die prentjie van Josef met sy jas inkleur en self besluit of Josef gelukkig of hartseer is. *(kyk onder aan die dokument vir vol grote)*

**Familietyd 2**

*God is by jou – Josef*

Genesis 37:18-34 (lees saam uit die Bybel tot by vers 34)

Josef se broers kry op ‘n dag ‘n kans on hom terug te kry en hulle doen ‘n baie wrede ding.

- *Hoe, dink jy, het Josef gevoel toe hulle hom in die put gooi?*
- *En toe sy broers hom verkoop? Hoe het hy gevoel toe hy agterkom hy is ‘n slaaf en word Egipte toe geneem?*
- *Hoe dink jy het die broers gevoel toe hulle sien hoe hartseer Jakob is? (lees weer vers 34-35 om te sien wat gebeur het)*

Nou kan die kinders die prentjie van Josef en die kameel inkleur.(kyk onder aan die dokument vir vol grote)